

SONDAG 42

VRAAG EN ANTWOORD: 110

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat verbied God in die agste gebod?			
Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal	1	1 Korintiërs 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensdieners of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.	of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpratere of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.
en roof	2	Levitikus 19:13 Jy mag jou naaste nie verdruk of beroof nie. Die dagloner se loon mag by jou nie tot die môre toe bly nie.	Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof nie. Jy mag nie 'n dagloner se loon terughou tot die volgende dag nie.
		1 Korintiërs 5:10 dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodediensdieners in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan -	Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of die geldgieriges, bedrieërs of afgodediensdieners van hierdie wêreld bedoel nie, want om hulle te vermy, sou julle uit die wêreld moes padgee.
wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry.	3	Lukas 3:14 En die soldate het hom ook gevra en gesê: En ons, wat moet ons doen? En hy sê vir hulle: Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy.	Ook soldate het hom uitgevra: "En ons, wat moet ons doen?" Hy antwoord hulle: "Moet van niemand deur geweld of vals aanklag geld afpers nie, maar wees tevrede met julle betaling."
		1 Tessalonisense 4:6 dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het.	Ook mag niemand hom in hierdie verband te buite gaan en sy broer bedrieg nie, want die Here straf al sulke dinge. So het ons julle trouens al vroeër gewaarsku; ons het julle nadruklik hierop gewys.
Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere,	4	Deuteronomium 25:13-15 Jy mag nie twee soorte weegstene, 'n grote en 'n kleintjie, in jou sak hê nie. Jy mag in jou huis nie twee soorte efas, 'n grote en 'n kleintjie, hê nie. Jy moet 'n volle en regte gewig hê; jy moet 'n volle en regte efa hê; sodat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God jou sal gee.	"Jy mag nie met gewigte werk wat nou sus dan so, nou groot dan klein is nie. "Jy mag nie met inhoudsmate werk wat nou sus dan so, nou groot dan klein is nie. "Jy moet billik en regverdig afweeg en afmeet. Dan sal jy lank leef in die land wat deur die Here jou God aan jou gegee word.
		Spreuke 11:1 'n Valse weegskaal is vir die HERE 'n gruwel, maar in 'n volle gewig het Hy behae.	Die Here het 'n afsku van 'n skaal wat nie reg weeg nie; net die regte gewig dra sy goedkeuring weg.
		Spreuke 16:11 'n Regte weegtoestel en weegskaal kom van die HERE, al die weegstene in die sak is sy werk.	Die norme vir die regspraak kom van die Here af; Hy bepaal die maatstawwe.

		Esegiël 45:9-10	So sê die Here HERE: Dit is nou genoeg, o vorste van Israel! Verwyder geweld en verdrukking, en doen reg en geregtigheid; hou op om my volk uit hulle besittings te verdring, spreek die Here HERE. Julle moet 'n regte weegskaal hê en 'n regte efa en 'n regte bat.	So sê die Here my God: "Julle het nou ver genoeg gegaan, regeerders van Israel. Laat staan die geweld en verdrukking, laat reg geskied en doen reg, hou op om my volk se eiendom vir julle te vat," sê die Here my God. "Julle moet skale gebruik wat reg weeg en julle moet die regte inhoudsmate vir droë stowwe en vir vloeistowwe gebruik.
geld, deur woeker	5	Psalms 15:5	wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie.	sy geld nie op rente uitleen nie en hom nie laat omkoop om die onskuldige te kort te doen nie. Wie hom hieraan hou, sal nooit wankel nie.
		Lukas 6:35	Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag, en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes.	Nee, sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en slegtes.
of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid	6	1 Korintiërs 6:10	Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.	of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpratere of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.
en alle misbruik en verkwisting van sy gawes.	7	Spreuke 21:20	'n Kosbare skat en olie is in die woning van die regverdige, maar 'n dwase mens bring dit deur.	In die woning van 'n wyse mens is daar altyd kosbare besittings en olie; 'n dwase mens bring sy goed deur.
		Spreuke 23:20-21	Wees nie onder die wynsuipers nie, onder die wat as vrate hulle hart ophaal. Want 'n drinker en 'n vraat sal arm word, en slaperigheid laat stukkende klere dra.	moet jou nie ophou met suiplappe en vrate nie, want die suiplap en die vraat word arm; dronkenskap laat jou in vodde loop.